HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

21 Junie 2021

Liewe ouers, leerders en personeel.

Die kwartaal is vinnig besig om einde se kant toe te staan. Ek vertrou dit gaan onder die huidige omstandighede (derde vlaag van pandemie) goed met elke ouer, leerder en personeellid.

Covid 19-pandemie

Ons is in die middel van die derde vlaag van die pandemie. Onderwysers en ondersteuningspersoneel het die afgelope Saterdag die nuus gekry dat hulle vanaf Woensdag 23 Junie ingeënt word. Die WKOD het ons vandag in kennis gestel dat ons vanaf Vrydag 25 Junie ingeënt word. Ons is dankbaar en vertrou dit sal help om die pandemie hok te slaan.

Ek wil graag die volgende statistiek ten opsigte van gevalle in die skool onder julle aandag bring:

Daar is tans 3 onderwysers wat positief getoets is. Die protokol is dat die opvoeders se klasse via hulle WhatsApp-groepe ingelig word. Daar is tans twee ondersteuningspersoneel wat positief getoets het, waarvan een by een van die koshuise werk. Daar is ses ondersteuningspersoneel wat tans as gevolg van direkte kontak in isolasie is.

Ten opsigte van die leerders is die statistiek soos volg:

Leerders wat positief getoets het:

- gr. 12's 4
- gr. 11's 0
- gr. 10's 5
- gr. 9's 0
- gr. 8's 3.
- **Totaal: 12**

Leerders wat as gevolg van direkte kontak in isolasie is:

- gr. 12's 8
- gr. 11's 3
- gr. 10's 12
- Gr. 9's 6
- Gr. 8's 2
- **Totaal 31**

Statistiek op 21 Junie 2021 om 15:00

Dit bly 'n groot uitdaging om die personeel en leerders wat positief toets of in isolasie gaan te bestuur. Ek doen 'n beroep om in die weke wat kom, streng by die Covid-protokol te hou. Graag versoek ek ook ouers, leerders en personeel om inligting wat hulle op sosiale media versprei, eers te verifieer.

Eksamen: Ons het nie by die skool genoeg klaskamers om die leerders wat positief toets of isoleer te laat skryf nie. Dus as die nodige dokumentasie vir die skool gestuur word, geld die reëling van 'n **wettige afwesigheid tydens eksamen**. Leerders word ten opsigte van hulle jaarpunt nie benadeel as hulle 'n mediesesertifikaat inhandig nie.

Die uitwerking van die pandemie op emosionele vlak word ook 'n groter uitdaging. Die Senior Skoolbestuur het dit goedgedink om 'n reeks geleenthede met ouers, personeel en leerders in die derde kwartaal te reël. Dr. Johan Smit, wel bekende predikant, wat al 'n paar jeugaand reekse by ons gehou het, gaan vanaf 10 tot 13 Augustus die aanbiedings doen. Afhangende van die vlak van inperking sal ons die korrekte getal persone in die saal toelaat. Maak asseblief solank 'n aantekening in jou dagboek. Sodra die program gefinaliseer is, sal ons dit aan almal stuur.

Baie sterkte aan almal en bly asseblief veilig!

Kwagga groete

C. P. Vorster
Skoolhoof